# DIE GELOFTE VAN 1838 TEOLOGIES BEOORDEEL IN DIE LIG VAN DIE HISTORIESE EN LITURGIESE ONTWIKKELINGE DAAROMHEEN

*Werkstuk voorgelê in die derde studiejaar vir die graad*
THEOLOGIAE BACCALAUREUS
*in die Fakulteit Teologie aan die*
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

*deur*

PETRUS JACOBUS VENTER (B.A.)

*Studieleier:*
PROF. DR. B. SPOELSTRA

POTCHEFSTROOM 1991

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

***Copyright © 2018 North-West University All rights reserved***

G92/0010

## HOOFSTUK 1

## OMLYNING VAN STUDIE


1. Onderwerp 1
2. Probleme 1
3. Noodsaak en Aktualiteit 1
4. Metode van ondersoek 2
5. Beperking van ondersoek 2
6. Bespreking en evaluering van bronne 3


## HOOFSTUK 2

## DIE GELOFTE VAN 9 - 15 DESEMBER 1838


1. Inleiding 4
2. Historiese oorsig 4
2.1. Betrokkenes 4
2.2. Aflegging van die Gelofte 8
2.3. Bewoording van die Gelofte 9
2.3.1. Die teks volgens Bantjes 9
2.3.2. Die teks volgens Kmdt. A.W.J. Pretorius 11
2.3.3. Die teks volgens Dewald Pretorius in 1862 12
2.3.4. Die teks volgens Sarel Cilliers in 1871 13
2.3.5. Die teks volgens G.B.A. Gerdener in 1925 14
2.3.6. Konklusie m.b.t. die teks 15
3. Fokus van die Gelofte 15
4. Brandpunt van die Gelofte van 1838 16
5. Slotopmerking 16
6. Gevolgtrekkings 17


## HOOFSTUK 3

## ONTWIKKELING VAN DIE GELOFTE VAN 1838 TOT GELOFTEDAG


1. Inleiding 18
2. Prinsipiele beoordeling 18
2.1. Onderhouding van die Gelofte 18
2.2. Geleidelike verskuiwing van gelofte na geloftedag 19
2.2.1. Aandrang op geloftedag 19
2.2.2. Ontwikkeling tot geloftedag 20
2.2.3. Vasstelling van die gelofteviering 22
3. Slotopmerking 23
4. Gevolgtrekkings 23

HOOFSTUK 4

VERSKILLENDE BESKOUINGS VAN DIE GELOFTE EN GELOFTEDAG

1. Inleiding 24

2. 'n Teologiese spiraal 24

2.1. Geloftevolk 24

2.2. Verbondsvolk 26

2.3. Volksverbond 27

3. Teologiese vertolking van die Gelofte 28

3.1. Die Gelofte as teken, bevestiging en sluiting van die Verbond 28

3.2. Die Gelofte as besondere openbaring 28

4. Twee teenoorgestelde teologieë m.b.t. die Gelofte 29

4.1. Beoordeling van die volks- en staatsteologie 29

4.2. Bevrydingsteologie 31

5. Slotopmerking 33

6. Gevolgtrekkings 33

HOOFSTUK 5

SKRIFMATIGE VERANTWOORDING OOR DIE GELOFTE

1. Inleiding 34

2. Oorsig 34

2.1. Waar kom die idee van die Gelofte vandaan? 34

2.1.1. Enkele voorbeelde in die Skrif 34

2.2. Die binding van 'n gelofte 36

HOOFSTUK 6

GELOFTEDAG AS BESONDERE KERKLIKE FEESDAG

1. Inleiding 39

2. Wyse van feesviering 39

2.1. Huislike viering in huisgodsdiens 39

2.2. Die Gereformeerdes se viering in 1864 39

2.3. Die viering op staatsfeeste na 1883 40

2.4. "Soos 'n Sabbat" 41

3. Besware teen kerklike viering 42

3.1. Beswaar om een dag in die verlede uit te sonder 43

3.2. Besware van teologiese aard 44

3.3. Besware van moreel-etiese aard 44

3.4. Skriftuurlik liturgiese besware teen verkerkliking van 'n geloftefees 44

4. Gevolgtrekkings 46

HOOFSTUK 7

KONKLUSIE

1. Inleiding

2.1. Tipe Gelofte van 1838

2.2. Verskuiwing van Gelofte na geloftedag

2.3. Sluiting van die Verbond

2.4. Die Gelofte is 'n lewende gebou

2.5. Verkerkliking van geloftedae in 'n erediens

3. Oorhoofs gesien

4. Slot

BIBLIOGRAFIE

# HOOFSTUK 1

## OMLYNING VAN STUDIE

### 1. Onderwerp:

Die Gelofte van 1838 is 'n historiese feit met 'n besondere religieuse inslag. Die studie verg daarom teologiese beoordeling, waarby historiese en liturgiese ontwikkelinge na vore kom wat beoordeel moet word.

### 2. Probleme:

Wetgewing het sedert 1952 die huidige vertolking van die Gelofte bepaal as 'n besondere dag wat soos 'n Sondag met 'n erediens gevier moet word. Geloftedag is daardeur religieus gelaai met allerlei teologiese implikasies rakende die probleme van die bepalings van die Gelofte; die nasionale beklemtoning; die kwessie van kerk en volk; die Skriftuurlike fundering van die Gelofte en 'n situasie waardeur 'n kerklike erediens op geloftedae van owerheidsweë voorgeskryf word.

### 3. Noodsaak en Aktualiteit:

Die teologiese studie is besonder aktueel omdat die vraag of geloftedag op volks- of kerklike terrein onderhou moet word verskillende antwoorde en vorme van spanning onder gereformeerde mense kan oproep. Die studie is noodsaaklik omdat mense se gewetens in 'n verpolitiseerde samelewing in gedrang kan kom. Die geskiedenis van die Gelofte bevat ook talle aspekte waaroor historici verskil.

Hierdie verskille dra by tot die aktualiteit, omdat die verskille onder mense die herdenking en onderhouding van die Gelofte en gangbare Geloftedag in gedrang bring.

## 4. Metode van ondersoek:

Die titel van die studie is: "*Die Gelofte van 1838 teologies beoordeel in die lig van die historiese en liturgiese ontwikkelinge daaromheen*". Hiermee is terselfdetyd die metode van ondersoek gekonstateer en verantwoord as 'n studie wat teologies met die Gelofte sal moet omgaan. Die metode opereer vanuit die teologie as eenheid waarby die geskiedenis die ondersoek toepaslik sal belig om die historiese en liturgiese ontwikkelinge op te klaar.

## 5. Beperking van ondersoek:

Sekere beperkinge van die studieveld is gestel. Die historiese gegewens oor die onderwerp is legio. Daarvoor moes die studie die probleem oorkom om tussen al die gegewens 'n keuse te maak om nie in historiese besonderhede te verval nie.

Die verskeidenheid tipes Geloftes in die Skrif is so talryk waarby 'n afsonderlike studie alleen kon stilstaan, maar die studie is beperk net tot die voorbeelde wat die Gelofte van 1838 by aansluit.

Die boustene vir die teologiese agtergrond van die Gelofte van 1838 sou vanaf die Reformasie al getoon kon word, tog was dit raadsaam om nie verder in die geskiedenis terug te gaan nie.

Die studie sou ook 'n vergelyking met ander geloftes, soos die een in 1880 of selfs die gelofte van Oberamergau waarvoor die ruimte ontbreek, kon aanlê.

6. Bespreking en evaluering van bronne:

Boeke wat oor die Gelofte van 1838 teologies handel is karig met uitsluitlik die N.G. Kerk en Hervormde Kerk se uitgewers wat sodanige publikasies die lig laat sien het. In eie kerkverband is daar wel in sekere boeke sydelingse opmerkings na Geloftedag sonder om 'n spesifieke teologiese dissipline vir die onderwerp aan te lê. Die ondersoek is dus grootliks op kerklike tydskrifte aangewese wat breë en diepliggende besinning soms moeilik maak. Boeke en artikels in tydskrifte wat die onderwerp histories aanspreek is talryk.

Die studie gebruik benewens hierdie toegespitse boeke en artikels ook ander teologiese handboeke wat op die kerkorde, dogmatiek en liturgiek fokus.

## HOOFSTUK 2

# DIE GELOFTE VAN 9-15 DESEMBER 1838

### 1. Inleiding.

Die geskiedenis van die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 is algemeen bekend en wyd opgeteken. Die tema vereis kennis van hierdie geskiedenis en veral van die geloftegeskiedenis. Ons moet die geskiedenis in hierdie hoofstuk kursories byhaal om die grond van die Gelofte af te ets.

Die Voortrekkers in Natal het in 1838 voor 'n oomblik van beslissing te staan gekom. Daarom lê hulle die Gelofte af.

Hierdie hoofstuk wil hierdie mense voorstel, die Gelofte vasstel en die bepalings van die Gelofte van 1838 prinsipieel beoordeel.

### 2. Historiese oorsig.

#### 2.1. Betrokkenes:

Die jaar 1838 het vir die Voortrekkers in Natal rampspoed en ellende beteken. Nogtans het 'n vryheidsdrang in hulle harte bly leef (Van Jaarsveld,1979:46). Sou hulle in Natal kon aanbly of moes hulle na die Kaap terugkeer? Bowendien het hulle in hierdie moedelose toestand geen erkende leier meer gehad nie (Van Schoor,1955:6; Stals,1971:9,10; Swart,1971:2).

Op 22 November 1838 het hulle egter Andries Pretorius uit die Kaapkolonie by die hooflaer aan die Klein-Tugela verwelkom (Stals,1971:10). Hy is op 28 November in die pas gestigte Pietermaritzburg tot Hoofkommandant verkies (Spoelstra,1982:4). Die Voortrekkers aanvaar die koms van Pretorius as die verhoring van talle gebede (Geldenhuys,1967:9). In alles het hulle "die hand van God" gewaar (Pont,1989:657). Bewyse bestaan dat hulle 'n analogie getrek het tussen die koms van Pretorius wat teen Dingaan moes uittrek en Moses wie die volk Israel in die beloofde land moes inlei. Hulle het dikwels die Ou Testament analogies verstaan en uitgelê. Hulle daaglikse lewensritme was duidelik deur hulle godsdiens met 'n Ou Testament - inslag bepaal (Pont,1989:657).

Pretorius is as leier ingewag "om wraak te neem" op die kontrakbreuk van Dingaan, die moord op Retief en soveel vroue en kinders (Liebenberg,1988:21). Op 2 Desember het hy met 486 Boeremans, 3 Engelse, 60 "mak" swartes en 'n onbekende getal Kleurlinge as wadrywers en agterryers teen Dingaan uitgetrek. Almal was diep onder die besef van hulle geringheid en die ontsaglike risiko teen die barbaarse oormag van Dingaan (Spoelstra,1982:4). 'n Tweede en algehele nederlaag soos 'n jaar tevore by Italeni was moontlik en sou finaal die Groot Trek na Natal 'n fiasko maak en hulle lewensbestaan in donker laat sink (Spoelstra,1979:6).

Daarenteen sou 'n oorwinning vir hulle veel meer beteken as net om wraak teen 'n tiran te neem. Hulle is gedra deur hulle roeping om God in alles te dien. 'n Oorwinning sou die opdrag hernu om God te eer (vgl.Spoelstra,1963:23,24). Die eerste gedagte wat in hulle

beplanning vir 'n permanente verblyf in Natal moes reflekteer was die oprigting van 'n kerkgebou. Vanuit die kerkgebou kon hulle op die mees sigbare wyse in 'n vaste godsdienstige patroon aan God die eer van die oorwinning gee. Tegelyk sou 'n oorwinning vir hulle die beskikking van God wees om die dorp Pietermaritzburg rondom die kerkgebou verder op te bou (Spoelstra,1982:4).

Die kommando was uit die huis uit gewoond aan daaglikse godsdiens. Vanselfsprekend het hierdie ekspedisie die tipiese laergodsdiens elke aand onderhou. Die Kommandant het die beproefde Sarel Cilliers as voorganger aangewys (Thom,1949:108; Spoeltra,1982:4).

Die gevaar wat hulle in die situasie aangevoel het, het hulle opnuut met die volk van God in die Ou Testament laat vereenselwig. Die volk van God het ook voor sulke groot gevare te staan gekom. So sien hulle 'n beeld van hulleself in Israel wat op die punt staan om die beloofde land in te trek. Die Voortrekkers het met hulle kennis van die Ou Testament geweet dat hulle as gelowiges soos Israel in 'n besondere verbond met die Here staan. In die oorlog kon God alleen hulle help (Van Jaarsveld,1979:46).

Teen hierdie agtergrond het die gedagte aan die gelofte by Pretorius, die aanvoerder, ontstaan. Hy was verantwoordelik vir alles wat offisieel onderneem word en skryf self dat die gedagte by hom opgekom het. Hy het die gedagte aan die burgers voorgelê en toe almal instem aan Cilliers opgedra om die gelofte elke aand tydens die

laergodsdiens te herhaal (Spoelstra,1982:4,5). Die instelling van die Gelofte gaan dus in werklikheid van die *militêr-staatkundige* leier uit.

Die Voortrekkers het op alle lewensterreine die beginsels van die Nederlandse nadere-Reformasie geken en uitgeleef. "Die Nederlandse samelewing en staatsinrigting is van die begin af op 'n teokrasie basis geskoei...Dit word baie goed uitgedruk in die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel 36... Daarby word in Artikel 36 as vanselfsprekend aanvaar dat die hele burgery gedoop is, dus binne die kader van die genadeverbond val en as sodanig het almal die plig om die voorwaardes en pligte van die genadeverbond na te kom" (Pont,1988:41).

Sarel Cilliers se behandeling van Josua 10 in die godsdiensoefening het volgens sommige geskiedskrywers die gedagte by Pretorius laat ontstaan "om soos sommige van die karakters in die Ou Testament 'n gelofte aan God te doen...." (Pont,1988:51).

Gerdener (1925) fouteer wanneer hy sê dat Sarel Cilliers die gedagte van die Gelofte aan Pretorius gesuggereer het. Dit bots met Jan Bantjes se dag-tot-dag verslag. Bantjes was die skrander en goed geletterde sekretaris van Pretorius. Hy berig dat Pretorius die idee van 'n gelofte met sy Kommandante bespreek het en ook al die burgers geraadpleeg het. Die voorwaarde was dat elke burger vooraf tot die Gelofte moes instem. Uitdruklik het hier ook militêre prosedures gegeld. Daar word niks gesê of die Swartes, Kleurlinge en Engelse in- of uitgesluit was nie. Sommige betwyfel dit op "verbondsgronde" (Swart,1971:2; Pont,1988:52). Gesien die "gewoonte" van daardie tyd is hierdie mense seker nie geraadpleeg nie, maar hulle het as medebetrokkenes minstens stil in die agtergrond die laergodsdiens en so die gebed met die gelofte meegemaak.

## 2.2. Aflegging van die Gelofte:

Die besluit op 'n gelofte is by Danskraal geneem (Uys,1956:86; Van Schoor,1955:6). Op Sondag, 9 Desember 1838 te Wasbank, het hierdie gelowige manne vir die eerste keer, tydens die Sondagoggendgodsdiens as deel van die openbare gebed, die Gelofte afgelê (Van Jaarsveld, 1979:46).

Die huidige voorstelling dat Cilliers op 'n kanonwa sou gestaan het, en nadat hy 'n preek gelewer het, sy arm omhoog gehou het en die Gelofte in die vorm van 'n verklaring uitgespreek het en wat die manskappe sou bevestig deur hardop "amen" te sê, strook nie aan die feite nie (Uys,1956:87; Stals,1971:10). Die Gelofte is volgens Pretorius se getuienis "in het openbaar gebed beloofd". Die bewoording moes God in gebedstaal aangespreek het (Van Jaarsveld,

1979:48). Die vermelde "amen" is ook te betwyfel in die Calvinisties-gereformeerde gebedtradisie, maar kon in die erns van die gebedsituasie 'n vorm van instemming gewees het.

Die Gelofte is vanaf 9 Desember elke dag tydens die laergodsdiens tot die 15de Desember op dieselfde wyse herhaal. Almal het diep onder die indruk van die Gelofte verkeer (Spoelstra,1982:4).

## 2.3. Bewoording van die Gelofte.

Daar bestaan vyf konstruksies nl. die van Bantjes (voor die slag), Andries Pretorius ('n paar dae na die slag), Dewald Pretorius (20 jaar later) en van Sarel Cilliers op sy sterfbed. In 1925 het G.B.A. Gerdener 'n rekonstruksie daargestel (Spoelstra,1982:5-10).

### 2.3.1. Die teks volgens Bantjes:

Bantjes, sekretaris van die hoofkommandant, was minstens sewe keer by waar die Gelofte van 9-15 Desember daagliks herhaal is. Hy het in sy dagverhaal al die toesprake wat voor die slag plaasgevind het geloofwaardig weergegee (Spoelstra,1982:5). Sy weergawe van die Gelofte word ook in "De Zuid-Afrikaan" (14 Junie 1839) gerapporteer en nie weerspreek nie (Spoelstra,1982:5).

> Volgens Bantjes het Pretorius die Sondagmôre verseker dat die instemming van hierdie hele "gemeente" in Gees en in Waarheid verkry word. Tydens die gebed in die laergodsdiens is God, die Almagtige om sy hulp en bystand in die slag teen die vyand gesmeek en in 'n gelofte beloof- *"OM, ZO DE HEERE ONS DE OVERWINNING*

*GEVEN MAG, 'N HUIS TOT ZIJN GROTE NAAMS GEDACHTENIS TE STICHTEN, ALWAAR HET HEN SAL BEHAGEN;* en dat zy ook moesten afsmeken die hulp en bijsstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen; en dat wij de dag der overwinning in 'n boek zullen aanteken, om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ere van God gevierd mag worden" (vgl. Spoelstra,1982:5).

Bantjes het die vetgedrukte gedeelte as hoofbeen van die Gelofte benadruk deur dit tussen aanhalingstekens te plaas waarby die verdere Gelofte aansluit (Spoelstra,1979:6). By hom staan die woord "*gelofte*" in direkte verband met die bou van 'n kerk. Die tweede gedeelte sluit in 'n meer algemene strekking aan by die verbondseis om getrou tot eer van God aan hulle kinders die oorwinning as werk van God oor te lewer (vgl. Jos.4 m.b.t. Israel).

Bantjes maak glad nie melding van 'n dag wat "elk jaar" en "zoo als een sabbath" onderhou sou word nie (Van Jaarsveld,1979:46). Hy praat 'n week voordat hulle geweet het dat die slag op 'n Sondag sou plaasvind van 'n "dag der overwinning". Die woord dag wil die oorwinning onderstreep en glad nie dat die oorwinning 'n dag moes onderstreep nie.

2.3.2. Die teks volgens Kmdt. A.W.J. Pretorius:

Andries Pretorius het uit die hoofstat van Dingaan, 'n brief gedateer 23 Desember 1838, aan "De Zuid-Afrikaan" geskryf. Daarin wyk hy al effens af van die weergawe wat Bantjes van die Gelofte gegee het (Spoelstra,1982:6). Die afwyking is verstaanbaar by 'n leier wat diep onder die indruk verkeer van die geweldige feit en wat seker in die laer druk bespreek was, dat God die slag op 'n Sondag beskik het met die wonderlike uitslag dat geen lewensverlies in die laer plaasgevind het nie. Die dag moes op die mense 'n diep indruk laat.

> Pretorius deel die Gelofte soos volg mee:
> "dat wij alhier onder elkanderen besloten hebben om de dag onzer overwinning, zijnde ***ZONDAG, DE 16E DEZER MAAND DECEMBER, ONDER ONS GANSE GESLACHT TE DOEN BEKEND WORDEN*** en dat wij het aan de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, zoals wij voordat wij tegen de vijand streden, in't openbaar gebed beloofd hebben; zo ook dat, zo wij de overwinning verkrijgen mogen, wij den Heere tot Zijns Naams gedachtenis 'n huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nou ook hopen te betalen met de hulp des Heeren nu Hij ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft." (Die kursivering soos in die vetgedrukte teks weergegee is in die oorspronklike teks ook gekursiveer. Vgl. Spoelstra, 1982:6).

Dit val op hoe Pretorius na die slag bepaaldelik 16 Desember as Sondag uitlig as "dag onzer overwinning" en dat hy die bou van 'n Kerkgebou daaraan koppel as vervulling van die gelofte.

Die gedagte dat elke 16de Desember van elke jaar as 'n Sondagviering tot eer van die Here beloof is, ontbreek by Pretorius.

<u>2.3.3. Die teks volgens Dewald Pretorius in 1862:</u>

Dewald Pretorius, een van die ou kommandolede, het in 1862 die gelofte na herinnering weergegee (Spoelstra,1982:7). Die predikante di. D.P.H. Huet en F. Lion Cachet wou aan die Voortrekkers 'n volksdag gee, soos wat ander volke uit hulle geskiedenis ken. So wou hulle die Gelofte van 1838 gebruik om die tradisionele gereformeerde godsdiens teenoor die liberale beweging in die Kaapse Kerk te bewaar.

> Pretorius herinner hom dat hulle beloof het:
> "... om eene belofte aan den Heer onzen God te doen, dat, als de Heer de overwinning aan onze kant geeft, de dag als een bededag alle jaren gevierd zal worden, en dat in het land, dat nu eene woestyn en een moordenaarskuil is, kerken en scholen gebouwd zullen worden tot Gods eer" (Spoelstra,1982:7).

Hierdie bewoording opper heeltemal ander bepalings as dié van Bantjes en Andries Pretorius. Gevolglik is hierdie latere dokument onbetroubaar. Die idee aan 'n jaarlikse "geloftedag" kon by die wens van Cachet en Huet aangesluit het.

2.3.4. Die teks volgens Sarel Cilliers in 1871:

Cilliers, wat ook intiem met Cachet en Huet teen die liberale beweging gewerk het, gee die Gelofte in 1871 op sy sterfbed soos volg weer:

> "Mijne Broeders en medelandgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven als Hij met zijne bescherming, met ons zal wesen en onze vijand in onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij de dag en datum elk jaar als een verjaarsdag en een dankdag, zoo als een Sabbath en Zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats weg moeten gaan, want de eere van Zijn naam daardoor zal verheerlijk worden dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven" (Spoelstra,1982:8).

Cilliers het die kerkgebou wat in Pietermaritzburg gebou is, heeltemal vergeet. Hy vervang daardie deel met die belofte dat die oorwinningsdag jaarliks op dag en datum soos 'n Sondag herdenk sou word (Spoelstra,1982:9,10). "Cilliers se geheue het hom op sy sterfbedverklaring in die steek gelaat, want die kerk was ongetwyfeld deel van die Gelofte" (Van Jaarsveld,1979:48). Daarvan getuig die "Voortrekkerkerk" in Pietermaritzburg vandag nog.

Cilliers se weergawe kom wanneer hy reeds baie oud en siek was en nadat hy byvoorbeeld op die Kaapse Sinode van 1863 in die stryd teen die Liberalisme in die N.G. Kerk betrokke was en sy herinnering eers 33 jaar later weergee (Van Jaarsveld,1982:303, Spoelstra,1982:23). Sy weergawe "kon die betroubaarste getuie oor die Gelofte gewees het indien hy die teks in 1838 opgeteken het" (Spoelstra,1982:8). Drie-en-dertig jaar later kan dit nie meer die geval wees nie.

### 2.3.5. Die teks volgens G.B.A. Gerdener in 1925:

In 1925 het Gerdener tydens die Tweede Afrikaanse Taalbeweging bevind dat niemand die Gelofte meer presies kan weergee nie. Hy verklaar dat hy die Gelofte wat Cilliers op sy sterfbed gegee het, as uitgangspunt neem, maar dat hy 'n paar wysigings noodsaaklik geag het. Hy sê dat hy die sin "omtrent die oprigting van 'n Tempel wat later op Maritzburg geskied het" moes opneem (Spoelstra,1982:9).

Die ironie is dat hierdie weergawe van die Gelofte, in Afrikaans vertaal deur W.E.G. Louw, wat op die onbetroubaarste teks berus, vandag geld asof dit die outentieke teks van die Gelofte is. Dit hang in baie huise en word elke 16 Desember voorgelees waar geloftedag gevier word (Van Jaarsveld,1979:48).

2.3.6. Konklusie m.b.t. die teks:

Die werklike teks van die Gelofte moes iewers tussen die bewoordinge van Bantjes en Pretorius geleë gewees het. Tydens die laergodsdiens in die gebede was klaarblyklik nooit 'n gelofte opgestel en afgelees nie. Dit is selfs moontlik dat die bewoording in die gebede oor sewe dae ook kon gevarieer het.

*Wat egter seker is:*

Hulle het beloof om 'n kerkgebou op te rig;

Hulle het beloof om die dag van oorwinning as gebedsverhoring van die Here te erken;

Hulle het beloof om by hulle kinders gedurig in te skerp dat die oorwinning 'n wonder van die Here was;

Hulle het 16 Desember 1838 as 'n wonder van gebedsverhoring belewe.

3. Fokus van die Gelofte.

Die Voortrekkers het geweet hulle staan in 'n besondere verbond soos Israel met die Here. As gedooptes was hulle daaglikse lewe 'n getuienis dat hulle aan God verbind wou bly (Pont,1989:657,663).

Die Voortrekkers het besef dat 'n gelofte 'n heilige handeling is waarin hulle direk tot God spreek. Hulle mag dit nie weer ophef nie (Rigt.11:35). Die gebed is altyd die direkte aanspreekwyse tot God en so was hulle Gelofte prinsipieel 'n gebedsgelofte (vgl. Schenker,1989:87). Hulle wou hulle afhanklikheid van God bely. "Die Gelofte wat in die gebed opgestuur is het die beloftes van God gegryp en daarop self met 'n belofte geantwoord om waarlik Godsvolk te bly" (Spoelstra,1990:18).

## 4. Brandpunt van die Gelofte van 1838.

Alle getuienis oor die Afrikanerpioniers vermeld dat huisgodsdiens getrou van plaas tot plaas onderhou is. Die mense het die gereformeerde leer en lewe omhels. Die Groot Trek is teen hulle sin sonder geordende predikante uitgevoer, omdat die Kaapse Sinode in 1837 die Trek belet het. Dit het by hulle die erns om 'n kerkgebou op te rig eerder dieper ingebrand. Hulle het niks anders meer begeer as om in Natal in rus en vrede te geniet en hulle gereelde eredienste rondom 'n kerkgebou te vier.

Met die aflegging van die Gelofte het hierdie manne as't ware bely dat hulle 'n waardesisteem in 'n woeste onbekende wêreld wil handhaaf. Hulle wou hulle roeping as gelowiges uitvoer (Van Niekerk,1989:15). Die oorwinning sou dit moontlik maak om twee kardinale sake weer met mekaar saam te bind, wat tydens die Trek nie kon gebeur nie. Hulle sou vir die gemeente gereelde omgang met God in die kerkgeboutjie kon verseker en hulle sou hulle kinders gelowig kon opvoed met die wete dat God vir hulle lewensruimte gegee het. Erediens en kinders het vir hulle getuig van die toekoms. Die Gelofte van 9-15 Desember was dus in wese vir hulle "nie bindende verledewoord nie, maar lewende toekomsgerigte beloftewoord" (Spoelstra,1990:18).

## 5. Slotopmerking:

God verseker met die doop dat Hy 'n ewige verbond met sy gelowige kinders opgerig het. In die lig van die historiese situasie het hierdie klompie Voortrekkers waarlik die verbond van God wat die doop beseël *geken* en *geglo*. Op die ashoop van moedeloosheid en

gevaar stel hulle hul *vertroue* op die Here alleen. Daarvan getuig die Gelofte van 1838. Die mure van die kerkgebou kon verweer, en die werklike bepalings van die Gelofte het vervaag, maar God se genade bly onverweerd en onvervaag.

## 6. Gevolgtrekkings:

* 'n Teokratiese Verbondsgeloof het die Voortrekkers besiel.
* Die Gelofte was vir die Voortrekkers 'n belydenis dat hulle rus by God en die toekoms in sy hand geleë was.
* Hulle optrede is nie uit reaksie, frustrasie, verontregting of onderdrukking gemotiveer nie. Dit was uiting van daaglikse godsdienssin.
* Alhoewel die Voortrekkers gedurig Israel as voorbeeld geneem het en daarom die Gelofte afgelê het, het hulle hul nie blindelings met Israel vereenselwig nie. Hulle het hulle eie verantwoordelikheid en verbondenheid aan die Here belewe.
* Voortrekkers by die Gelofte handhaaf 'n sigbare en onsigbare onderskeid. Sigbaar is die Gelofte betaal met die bou van die kerk. Onsigbaar wou hulle deur die besondere genade van God vanuit die Gelofte Godsvolk bly.

## HOOFSTUK 3

# ONTWIKKELING VAN DIE GELOFTE VAN 1838 TOT GELOFTEDAG

## 1. Inleiding:

Die tema stel die historiese ontwikkeling van die Gelofte aan die orde. Eers word gelet op die houding van die Gelofteafleggers self teenoor die Gelofte. Daarna word gewys op hoe die oorwinningsdatum geleidelik met die verloop van jare in die volkshuishouding op die voorgrond gekom het. Kortliks word aangetoon dat hierdie verskuiwing in der waarheid 'n klemverandering was. Die feite is vir 'n teologiese beoordeling nodig, omdat Geloftedag vandag religieus gelaai is. Tog sal ons nie te breed daarop kan ingaan nie, omdat die gegewens meer histories van aard is.

## 2. Prinsipiële beoordeling:

### 2.1. Onderhouding van die Gelofte:

Om 'n slag op 'n Sondag te lewer, het heeltemal teen die grein van die Voortrekkers ingegaan. Sondag was vir hulle 'n heilige dag. Die Bybelse voorskrifte vir die onderhouding van die Sabbatdag was vir hulle 'n heilige erns. Op Sondag 16 Desember 1838 te Bloedrivier het hulle diep onder die indruk gekom dat die Here die gevreesde slag teen Dingaan op 'n Sondag beskik en in 'n wonder beslis het. Daar was aan Voortrekkerkant geen lewensverlies nie. Pretorius wat slegs 'n geringe assegaaisteek aan sy hand opgedoen

het, het net 'n week later die feit dat die slag op 'n Sondag gelewer en 'n wonderlike oorwinning behaal is, wyd bekendgemaak (Spoelstra,1982:6,7; Van Schoor,1955:6,7).

Dit val egter op dat die manne van die kommando dadelik 'n kerkgebou op Pietermaritzburg gebou het, maar nooit is probeer om 16 Desember as 'n spesiale dag en allermins as 'n ekstra Sondag te onderhou. Slegs Sarel Cilliers en Erasmus Smit (die ander geestelike leier) met hulle gesinne, het die 16de Desember van elke jaar weer aan daardie Sondag van 1838 gedink en dit konsekwent met huisgodsdiens soos 'n Sondag onderhou (Stals,1971:11). Die belewenis van daardie oorwinning op 'n Sondag het hulle so aangegryp dat die Gelofte by hulle 'n Sondagbetekenis verkry het (Spoelstra,1979:6).

## 2.2. Geleidelike verskuiwing van gelofte na geloftedag:

### 2.2.1. Aandrang op geloftedag:

Die Afrikanerpioniers in die Kaapkolonie en Boererepublieke het geen besondere feesdae geken nie. Selfs van Kersdag, Goeie Vrydag, en Hemelvaartsdag is daar min gemaak. Die gewone plaasbedrywighede het op hierdie dae meestal normaal voortgegaan (Spoelstra,1982:22).

Om die Afrikaanse Gereformeerde volkskarakter teen die aanslag van die liberale rigting weerbaar te maak, het di. D.P.H. Huet en F.Lion die aandag gevestig op 16 Desember as 'n nasionale feesdag met godsdienstige betekenis. In 1864 het hulle vanuit die Natalse NG Kerk 16 Desember as 'n dankdag in die Natalse gemeentes ingesluit en gesuggereer dat dit as 'n nasionale feesdag erken moes word (Spoelstra,1982:7:23). In 1865 het die Transvaalse Volksraad 'n wet

geproklameer dat naas Nuwejaarsdag en Godsdienstige dae 16 Desember "als een algemeene Dankdag, dankbaar den Heere gewijd" onderhou sal word. 'n *Dankdag* is egter nog nie 'n *Sondag* nie. Die vraag is ook of so 'n algemene dankdag, as 'n nasionale dankdag of as 'n kerklike Sondagviering bedoel was. Indien in ag geneem word dat die plattelandse bevolking met dierevervoer destyds meestal net vier keer per jaar met nagmaal kerklik saamgetrek het, moes die "dankdag" in die huisgodsdiens op die plase gevier word. Daar is geen bewyse dat iets anders iewers probeer is nie.

2.2.2. Ontwikkeling tot geloftedag:

In weerwil van hierdie wet in 1865, is daar geen volksfeeste gehou nie. In 1876 egter word die bewussyn van die volk wreed geskok toe die Engelse Transvaal annekseer. In Desember 1879 te Wonderfontein en Desember 1880 te Paardekraal kom die volk byeen om teen die anneksasie te protesteer en het die Gelofte van 1838 sterk gefigureer as die basis waarop hulle hulle eie handelinge sou bou (Botha,1988:71). Aan die einde van die byeenkoms in 1880 pak die nagenoeg 5000 burgers 'n klipstapel (wat aan Jos.4 herinner) en glo hulle dat hierdie daad 'n vernuwing van die Gelofte van 1838 is om die Engelse aan te durf (Botha,1988:73; Spoelstra,1979:7)

Toe die Transvalers in 1881 die Eerste Vryheidsoorlog wen, het baie burgers "die oorwinning... en die herstel van hulle vryheid toegeskryf aan die feit van die hernuwing van die Gelofte van 1838" (Botha,1988:76). Die Slag van Bloedrivier word herinterpreteer. "'n Nuwe tydperk in die viering van 16 Desember het begin" (Stals,1971:11). Die Transvaalse owerheid stel vanaf 1883

vyfjaarlikse staatsfeeste in om die oorwinning te Bloedrivier en die geslaagde Vryheidsoorlog feestelik te herdenk (Spoelstra,1982:24; Botha,1988:76,77). Die nasionale selfbewussyn begin al hoe sterker rondom 16 Desember en "oorwinnings" na vore tree (Van Jaarsveld,1979:49). In die Vrystaat word die eerste Dingaansfees in 1893 gehou. Die volgende jaar word 16 Desember tot openbare vakansiedag verklaar. Geen sabbatviering is nog ter sprake nie. Trouens die Transvaalse Volksraad het in 1898 nog volstrek geweier dat Sondagwette op "Dingaansdag" van toepassing gemaak moet word (Spoelstra,1982:25,26).

Die Tweede Vryheidsoorlog dwing die volk op sy knieë en predikante kom met snydende verwyte dat die Afrikaner die Tweede Vryheidsoorlog verloor het, omdat hy nie soos met die Gelofte in 1838 en 1881 vooraf na die Here gegaan het nie (Spoelstra,1982:5). Ironies is dat pres. S.J.P. Kruger in 1891 al gestel het dat "die Gelofte van 16 Desember is nie trou volbring nie, waaroor daar donker dae oor ons gekom het..."(Pont,1988:52).

By die verslane volk kon na 1902 'n skuldgevoel ontstaan, sodat die Afrikaners daardeur beweeg is om Geloftedag byna as 'n soort skuldbelydenis in te stel (Van Jaarsveld,1979(a):9,10). Hulle het iets vas nodig gehad om aan vas te klem (vgl. Botes,1988:84-86). Die verslane volk in die Transvaal en die Vrystaat begin in die smeltkroes na 1902 al meer die dae voor 16 Desember saamtrek, waarin die volksverlede in herinnering gebring word en ook die nuwe Afrikaanse Taalbeweging en kultuur tydens die feeste bevorder word. Die feeste word 'n anker om uit die kultuur krag te put teen

verengelsing en oorheersing. Hierdie beweging kulmineer luisterryk in die Voortrekker-eeufees op 16 Desember 1938 in Pretoria. Teologies beskou moet ons opmerk dat die viering van 16 Desember nog altyd in die kader van die Afrikaanse volkslewe en kultuur plaasvind en nie as 'n kerklike erediens of ekstra Sondag beskou word nie.

2.2.3. Vasstelling van die geloftviering:

Uit die Afrikaanse kultuur en taalbeweging bied Gerdener in 1925 die tans bekende Gelofteformule. Dit word nou by Geloftefeeste, wat gewoonlik van 14 tot 16 Desember gehou is, gelees as 'n gelofte wat jaarliks vernuut word. "Die godsdienstige inslag van die Dingaansfeeste word versterk" (Spoelstra,1982:10). Dié bewoording van die Gelofte brand die gebruik van Sarel Cilliers in die volksgewete in, nl. dat 16 Desember nie bloot 'n publieke vakansiedag, "Dingaansdag", moet wees nie, maar dat dit as 'n Sabbat onderhou moes word.

In die begin blyk hierdie aandrang sonder sukses te wees en dien adv.C.R. Swart in 1928 vrugteloos 'n wetsontwerp in om Sondagwette op Dingaansdag wetlik van toepassing te maak. Die Eerste-Minister, genl. Hertzog, het hierdie voorstel toe nog kategories verwerp. Sy woorde was "Ons moet waak teen dweepsug" (Muller,1990:400).

Toe die Nasionale-Regering in 1948 aan bewind kom, met C.R. Swart in die kabinet, het hulle so vroeg as 1952 die naam en karakter van Dingaansdag na Geloftedag verander. Die Sabbatswette is op

Geloftedag van toepassing gemaak. Gevolglik is elkeen sedert 1952 verplig om Geloftedag soos 'n Sondag deur te bring en word die indruk van 'n "ekstra mensgemaakte Sondag" gewek (Spoelstra,1979:7).

3. Slotopmerking:

Met die idee van 'n Sondagviering het die viering van die geloftedag ook almeer van die volksterrein na viering op die kerklike terrein beweeg. Talle kerke het begin om eredienste op Geloftedag te hou.

4. Gevolgtrekkings:

* Na die twee Vryheidsoorloë het die Afrikaner hom bedreig gevoel en is die Gelofte as skans in sy nasionale oorlewingstryd gebruik.
* Die Afrikaner het begin om reaksionêr teen die Britse imperialisme op te tree.
* Die Gelofte van 1838 is relasioneel met die Gelofte van 1880 verbind en die idee van nasionale eer dra duidelike spore van die Romantiek waarin die geskiedenis self die voortdurende immanente openbaring van God uitmaak.
* Die oë is vanaf 1953 verkeerdelik op 'n Sabbatskarakter van 16 Desember gevestig, sodat aan die Gelofte toenemend aanstoot geneem is in die multi-kulturele Suid-Afrikaanse bevolking.
* Die Gelofte is van 1902 tot 1952 in belang van nasionalisme gebruik en het na 1952 enersyds die volksfeeste by "feeshuise" na 'n erediens in die kerkgeboue verskuiwe. Andersyds het politici by die Monument in Pretoria nog op 16 Desember toesprake gehou. In die geheel het die wetgewing vanaf 1952 (d.w.s. die owerheid) die viering van 'n Geloftedag as 'n 53ste Sondag aan die kerke opgedra.

HOOFSTUK 4

# VERSKILLENDE BESKOUINGS VAN DIE GELOFTE EN GELOFTEDAG

## 1. Inleiding.

Hierdie hoofstuk beoog om 'n teologiese beoordeling van die huidige gangbare beskouings oor die Gelofte te gee. Hierin tree veral die baie moeilike verhouding tussen die Godsvolk (kerk) en nasionale volk (Afrikaner) binne 'n breë Suid-Afrikaanse politieke bevolking na vore. Ons vestig kortliks die aandag op verskynsels waarin die Godsvolk en Afrikanervolk geïdentifiseer word, op teologiese vertolkings van die Gelofte en op radikale verwerping van die Gelofte in die sogenaamde Bevrydingsteologie.

## 2. 'n Teologiese spiraal:

### 2.1. Geloftevolk:

Gerdener se formule van die gelofte van 1925 met die sabbatsklousule daarin was teen 1947 goed ingeburger, asof dit die werklike en bindende gelofte was. *Die Kerkbode* (1947:1126,1127) verklaar dat die "Voortrekkers het hulle plegtig voor die Here verbind om, as Hy aan hulle die oorwinning gee, die dag as 'n *dankdag* en *sabbat* tot Gods eer te vier...'n Dankdag en 'n sabbat - dit is wat hierdie feedag kragtens sy instelling bestemd is om te wees... Die feesvierings op 16 Desember moet die karakter dra van 'n Sondag, en die erediens moet die hoofnommer op die program wees... Al die verrigtinge moet in harmonie met die gelofte wees." Hier tree baie duidelik 'n strewe om die viering van die 16de Desember te

verkerklik na vore. Die visie van die amptelike orgaan van die N.G. Kerk word dan ook deur die Regering van 1952, wat byna uitsluitlik uit lidmate van die N.G. Kerk bestaan, in die wetgewing vasgelê. Die Sondagwetgewing laat die gedagte ontwikkel dat die gelofte van jaar tot jaar "plegtig vernuwe word" (Geertsema,1959:9), omdat die Afrikaner eintlik *"Geloftevolk"* genoem moet word (Geldenhuys,1967:9).

In 1955 verklaar die kultuurleier, dr.P.J. Meyer, hom soos volg: "... in hierdie heilige Gelofte het die Boerevolk 'n verbond namens alle nageslagte met God aangegaan om die oorwinningsdag aan die walle van die Bloedrivier as 'n Sabbatdag tot eer van God te hou. Die wesenlike inhoud van hierdie Gelofte is egter dat die Boerevolk hom aan God verbind het om hom as volk te onderwerp aan God as die Absolute Beskikker oor sy lotgevalle tot in die laaste nageslagte, anders kan die oorwinningsdag immers nie as Sabbatdag tot eer van God gehou word nie. In die Gelofte het die Boerevolk in 'n verbond met God getree om homself as Godsvolk te handhaaf om sy afsonderlike roeping as Godsbestemming tot eer van God te vervul"(Van Schoor,1955:8).

Opvallend is dat die sabbatsklousule wat nie wesenlik deel van die Gelofte van 1838 was nie, nou die grondslag word om van 'n verbondsluiting van die Afrikaner met God te praat.

Meyer keer die verbondsleer van die gereformeerde belydenis in semi-peligiaanse sin om. Hy ignoreer die verbond wat God gesluit het en wat die doop beseël en bekragtig. Hy redeneer dat die

Afrikaner op 16 Desember 1838 met God 'n verbond gesluit het. Hierin kom na my (PJV) mening verdraaiing van die historiese situasie so wel as die religieuse bedoeling van die Voortrekkers voor. Meyer vertolk en lees die gebeure van 1838 deur sy nasionalistiese en N.G. teologiese bril van 1955.

2.2. Verbondsvolk:

Prof. M.J. Swart (1971:2) laat hom soos volg uit: "Vreemdelinge moet die Gelofte raaksien, die verbond tussen volk en God begryp, hopelik ware geloof in aksie sien en in die proses ook persoonlik God ontmoet". Hierdie visie verklaar seker die agtergrond vir die Gelofte in 1838. Tog kan die beskouing te ver gaan as in lyn met die Romantiek die Afrikaner (as kultuurvolk) vandag net so met "verbondsvolk" vereenselwig word.

In die woorde van T.A. Viljoen (1973:9): "... die gelofte herbevestig telkens dat die Afrikanervolk 'n Verbondsvolk is - 'n uitspraak wat op Godsbelofte aan Abraham berus: 'Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir my 'n volk wees'... Hierdie Verbond hou ewig stand omdat die Verbondmaker ewig is....Die Afrikanervolk van vandag bly Verbondsvolk. Hy gaan die gelofte op 16 Desember herbevestig."

Hier is die vertrekpunt die Afrikanervolk wat sommer net so met God se verbondsvolk, wat groter en kleiner as die Afrikanervolk is, vereenselwig word. So word die godsdiens as deel van die kultuur beskou met verreikende konsekwensies wat die katolisiteit van die kerk in gedrang bring (Kerk van die Afrikaner?) Die waarheid is

veeleer andersom "dat die kultuur deel is van die godsdiens (l.w. nie "kerk" nie) in die ruim sin van die Woord - diens van God met die hele lewe" (Schulze,1985:21).

2.3. Volksverbond:

Die "volksteologie" word na my mening goed onder woorde gebring in die resente publikasie van S.P. Olivier. Olivier (1990:2,3,9,16) betoog dat die Gelofte gedien het "om die verhouding vir en van die hele Suid-Afrika met God 'op te klaar'...en God se verhouding met en jeens Suid-Afrika voor die hele wêreld te bevestig". Die Gelofte het wel "deur of via die Afrikaners gekom, maar dit was nie *uit* hulle nie, maar *uit* God, en nie vir hulle nie, maar tot sy eer ". Die Gelofte...het van God gekom, is deur God gegee, en is deur Hom bepaal...". "Met die Gelofte het God eindelik die "volk" tot 'n "volks"-beslissing gedwing: Om God te kies".

Kennelik gaan Olivier uit van die liberale staatsidee van die "land en al sy mense", waar Viljoen in die vorige paragraaf die Afrikaner as maatstaf neem, neem Olivier nou 'n politieke staatstruktuur, *Suid-Afrika*, as sy grondbeginsel. Hy koppel en vereenselwig die Verbondsbegrip en die Geloftebinding nou aan 'n hele Suid-Afrikaanse staatsidee.

## 3. Teologiese vertolking van die Gelofte:

### 3.1. Die Gelofte as teken, bevestiging en sluiting van die Verbond:

Die eenvoudige prentjie van die godsdienstige Voortrekkers wat teen Dingaan uittrek maak dit maklik om soos aangetoon, te sien dat hulle, omdat hulle aan God behoort (verbond) 'n gelofte aflê om Hom te dien. Wanneer die Afrikaner homself egter die "*verbonds*volk" noem, is die Gelofte nie meer alleen teken van die Verbond nie, maar word nou as 'n ***bevestiging*** van die Verbond, of ***verbondsluiting*** wat die mens begin, opgevat.

Die teologiese verwarring vererger wanneer die Gelofte as 'n *Volks*verbond onderskei word van die *verbonds*volk (vgl.Olivier, 1990:8). In hierdie opvatting is die Gelofte nie alleen meer 'n bevestiging van daardie Verbond van God wat Hy lank al met sy gelowige volk in hulle geslagte gesluit het nie, maar die Gelofte word as dié ***sluiting*** van 'n verbond met God vertolk.

### 3.2. Die Gelofte as besondere openbaring:

Die gebeure van 16 Desember 1838 word ook teruggevoer as 'n besondere openbaring van God. J. Bekker (1976:1) stel onomwonde:".... die gelowige weet met gewisse sekerheid dat die slag van Bloedrivier 'n openbaring van God se mag was en daarom 'n wonderwerk wat juis in sy besonderheid die volk moes aanspreek. Waarlik die Here het sy magtige arm ontbloot! Bloedrivier was die antwoord... Sou ons egter die Godsbemoeiing herken en erken is die jaarlikse feesverrigtinge van besondere betekenis, enersyds in sy eis om rekenskap aan ons, en andersyds in sy troosryke belofte...Dit was God se geveg ter wille van sy Naam en sy Raadsplan".

Olivier (1990:3,4,8) stel ook die Gelofte as 'n openbaring van God. Hyself is van mening dat die Heilige Gees die "gelofte-gees" moes geïnspireer het. Die besondere openbaring van God in die Skrif stel hy met die minste aarseling aan die Gelofte gelyk. "Die Gelofte en alles wat die Gelofte omhul het, moes dus beskou word as die werkinge van die Heilige Gees (vgl.2 Petrus 1:20,24)....`geen profesie [gelofte?] is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe. ...die Here....het 'n *profetiese* aanvoeling van hierdie dinge in die harte van Andries Pretorius en Sarel Cilliers gegee"(Olivier,1990:3,4).

Die stille waarskuwende stem van W.J. Snyman (1968/69:4) het blykbaar op dowe ore geval dat "ons geskiedenis met sy Bloedrivier nie Openbaringsgeskiedenis is nie. Die Gelofte moet as "vaderlandse geskiedenis beskou word, wat nie oor die grense van die gewone geskiedenis gevoer moet word in die geskiedenis van die Openbaring en wel in sy Ou-Testamentiese bedeling nie"!

4. Twee teenoorgestelde teologieë met betrekking tot die Gelofte:

Hierdie spiraal van opinies oor die Gelofte kulmineer vandag basies in twee punte:
'n *(Staats)- Volksteologie* wat die Gelofte herwaardeer en die *Bevrydingsteologie* wat die Gelofte verfoei.

4.1. Beoordeling van die volks- en staatsteologie:

In die kringe van die N.G. Kerk neig die denke om Kerk en Staat struktureel voor te stel (Vgl.1986" "Kerk en Samelewing"). Die Gelofte word dan selfs aan die N.G. Kerk as afsonderlike struktuur

verbind (Olivier,1990:31). Die kerklike versoek word dan van staatsweë in Sondagwetgewing rigied bewillig waardeur die eertydse vieringe op volksterrein na 1952 verkerklik word.

In die kringe van die Nederduitsch-Hervormde Kerk is daar aansluiting by die N.G. Kerk in soverre dat wetgewing die dag verpligtend moet maak (Engelbrecht,1959:148;1988:35). Die motief vir die verpligting verskil egter. Moontlik beoog die Hervormde Kerk meer 'n volkeregtelike en die N.G. Kerk 'n kerkeregtelike verpligting. Dienooreenkomstig stel die Hervormde Kerk burgerreg voorop om die binding en draagkrag van die Gelofte uit te spel (Engelbrecht,1988:32). Die N.G. Kerk poog om al meer mense by die Gelofte in te sluit in ooreenstemming met 'n verskuifde breër staatsbestel (Alberts,1988:5).

Die binding van die Gelofte, soos by 'n verbond, staan vir die Hervormde teoloë voorop. Hulle plaas die Gelofte direk in lyn met die Verbond, gedra deur 'n nasionalisme (Botes,1988:83). Geloftedag is 'n "dure verpligting en 'n geweldige voorreg" (Oberholzer,1988:4). Deurgaans val dit op hoe hulle konsekwent die Gelofte en die Verbond van God kan vereenselwig (Botha,1988:75). So maak die redakteur van Die Hervormer (1988:3) die volgende stelling:"...Dit geld veral *verbonde* of *geloftes* wat inhou dat almal van daardie volk tot in die verste nageslag onderneem om die Here te dien en al die eer aan Hom te gee..." Die Verbond en die Gelofte word nie net in een asem genoem nie, maar geld in die geval as sinonieme.

Uit die geledere van die N.G. Kerk is die binding van die Gelofte institusioneel aan die "kerk" verbind, omdat "elke gemeente (kerkraad) voorsiening moet maak vir sy lidmate om 'n erediens tydens geloftefeesvieringe by te woon" (Barnard,1988:13)

## 4.2. Bevrydingsteologie:

Die feit dat Geloftedag vir volksteologie misbruik is, het veroorsaak dat die idee van oorwinning nie tot 'n oorwinning oor die tiran Dingaan beperk is nie, maar as 'n Godgewilde oorwinning van die Afrikaners oor Zoeloes, en van blankes oor swartes in die geloftevierings uitgedra is. Reeds die feit dat Dingaan se halfbroer, Mpanda, die Voortrekkers gesteun het, en hy en nie die Voortrekkers nie, Dingaan in 1840 finaal verslaan het (Spoelstra,1977:8), bewys hoe skeef die eng nasionale visie die werklikheid rondom die oorwinning van 1838 getrek het. Die benadering het by teoloë uit die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke reaksie uitgelok. Juis die vertolking waaraan Afrikaners hulle in die 20ste eeu wou optrek, het vir die swartmense as 'n vernederde ervaring onder die mantel van godsdiens gekom. Die teoloë in die swart bevrydingsbeweging wou die negatiewe emosie wat die verkeerde viering veroorsaak het, in die "bevrydingsstryd" van die swartmense omkeer.

Beyers Naude & Roelf Meyer publiseer 'n propagandastuk: *Geloftedag: Christusfees of Baälfees* (1971). Hulle gebruik die oordrewe volksteologie rondom Geloftedag om meer stukke van die "bevrydingslektuur" op die rak te plaas. Hulle wys op omstrede uitsprake en konkludeer dat "Geloftedag is afgodediens (Baälfees)"

(Naude & Meyer,1971:2). Hulle noem die bewering dat Geloftedag die Afrikaner as "uitverkore volk" uitwys 'n dwaling (Naude & Meyer,1971:2). Hulle sien die viering van Geloftedag as "'n krenking van die naaste en gevolglik 'n benadeling van die Koninkryk" van God (Naude & Meyer,1971:4). Hulle betrek die viering van Geloftedag in die politiese arena deur die vraag te stel of Geloftedag die goddelike regverdiging vir die menslike ideologie van apartheid bied (Naude & Meyer,1971:6). Hulle bring selfs Stalin en Hitler by geloftedag in geding (Naude & Meyer,1971:9). Hulle opskrifte spreek boekdele: "Spreek God in die geskiedenis?, Kinders van Satan?, Waarborg oorwinning Gods Wil?, Voordeel of Christus?, Hoogmoed kom voor die val, Roeping sluit apartheid uit" (Naude & Meyer,1971:10-18). Ten slotte word die Voortrekkers wat die Gelofte afgelê het as mense wat onnadenkend opgetree het, bestempel (Naude & Meyer,1971:23). Hulle wou die bevrydingsidee op die spits dryf deur handtekeninge in protes teen die onderhouding van Geloftedag te versamel (Naude & Meyer,1971:24).

Uit liberale kringe groei die teenstand met die verloop van jare nog steeds. Sommige wil die Gelofte selfs met 'n alternatiewe of 'n nuwe Gelofte vervang (Loubser,1988:8) en het 'n konsep-bewoording opgestel (Bosman,1990:8)

5. Slotopmerking:

Hoewel ons die verpolitiseerde bevrydingsteologie verwerp, is dit duidelik, ook met die huidige sprake van 'n "nuwe Suid-Afrika" dat oordrewe en skewe ontwikkelinge rondom die vertolking en viering van Geloftedag die werklike sin en betekenis daarvan in 1838 verduister het en dat die wetgewing van 1952 onder druk sal kom.

6. Gevolgtrekkings:

* In die ontwikkeling van Geloftedag is volk en kerk geïdentifiseer en die kerk is aan die volk ondergeskik gemaak.
* Kerk word "diensmaagd" van die volk.
* Die gedagtesfeer van nasionalisme en romantiese geskiedenis-opvatting verskil met dié van die Bybel.
* Die sin van die Gelofte van 1838 is geleidelik verander en op 'n dag toegespits. Die aandag vir die dag en die verlede kan die plek van die Naam en Persoon van Christus in gedrang bring.

# HOOFSTUK 5

## SKRIFMATIGE VERANTWOORDING OOR DIE GELOFTE

### 1. Inleiding:

Die tema vereis 'n duidelik teolgiese beoordeling van die Gelofte. Ons moet die direkte Skrifgegewens naspoor om die Gelofte van 1838 eksegeties te kan beoordeel. Die Belydenis stel ons in staat om prinsipiële dwarssnitte deur die Gelofte te maak.

### 2. Oorsig:

#### 2.1. Waar kom die idee van die Gelofte vandaan?

#### 2.1.1. Enkele voorbeelde in die Skrif:

In die eerste plek is die Gelofte in die Skrif deurgaans 'n *heilige* handeling wat altyd direk met God te doen het (Spr.20:25; Rigt.11:30). Hierdie feit gee uit die staanspoor aan elke gelofte 'n vaste indikatief met 'n gebaande imperatief. In hierdie verband toon 'n gelofte altyd onderskeidelik een van die volgende keersye nl. (1) 'n gelofte om 'n aanbod, of 'n aanbieding (Lev.27). (2) Om iets uit te voer, te vervul, of te volbring (Gen.28:20). (3) Bevat 'n gelofte soms die belofte om jou van iets te onthou (Ps.132:2; Harris, Archer, e.a.,1980:557).

Die Gelofte van 1838 beantwoord aan hierdie eerste twee vereistes. Die Voortrekkers het uit die Skrif talle gevalle geken waar geloftes gedoen is. Ons het reeds daarna verwys dat in die laergodsdiens uit

die boek Josua gelees is en die idee daardeur by Pretorius in 1838 kon ontstaan het van die maak van 'n gelofte (Pont,1988:51; De Jager,1972:6).

Die deurtog deur die Jordaan is met 'n klipstapel gesimboliseer en sou vir die kinders 'n gedurige verkondiging van God se hulp en seën wees (Jos.4). So pas die gelofte om 'n kerkgebou op te rig en die kinders gedurig te vertel van wat die Here in 1838 gedoen het presies in hierdie kader. Die Voortrekkers het hulle te veel met Israel vereenselwig om te dink dat die voorreg om geloftes te kon aflê net vir Israel beskore was (vgl. ook Jes.19:21).

In hulle noodsituasie het die kommando op kenmerkende en vrywillige wyse gesamentlik die toevlug tot God op dieselfde wyse as die volk Israel geneem (vgl.Num.21:1-3; Rigt.11:30,31). Die eerste Sondagoggend waarop die Gelofte gebid is, het die mans in die erediens uit Rigt.6 gelees (Van Schoor,1955:6; Stals,1971:10). Hulle kon opnuut verseker wees van God se nabyheid om in sy vredesbelofte (vers 23) hulleself te sien. Die altaar wat Gideon daar vir die Here gebou het as vredesteken kon die Voortrekkers aanspoor om ook in hulle nood aan die Here 'n bouwerk te belowe. Hulle verwag dat God hulle genadig sal wees en beloof dat hulle op daardie genade sal antwoord met 'n kerkgebou, getroue godsdiens en verkondiging van God se werk aan hulle nageslag (vgl.Cartledge, 1989:416; Schenker,1989:90).

Dit is 'n tipiese gelofte: die indikatief is God wat hulle ken en aanbid as hulle God en Vader. Die imperatief is hulle onderneming om steeds sy volk te wees wat Hom dien en eer. Die indikatief van sy verbond, "Ek sal vir julle 'n God wees" het die Voortrekkers gedring tot die dubbele ernstige aanvaarding van hulle godsdienstige verantwoordelikheid (imperatief; Engelbrecht,1959:146). Die Gelofte het aan God beloof om iets uit te voer, maar het nog verder gegaan en beloof om aan God Self 'n "aanbod" te maak ("ons sal vir U 'n volk, -seuns en dogters wees"). Hulle beloof om die kerkgebou op te rig, maar ook om God se werk gedurig aan hulle kinders te vertel. Die aflê van die Gelofte was so 'n duidelike getuienis om die menslike verantwoordelikheid onder besef van God se genadige bemoeienis gestalte te gee. Kortom wil die Gelofte oor die verbondseis handel nl. geloof en bekering.

Die verkerklikte geloftedag handel nie hieroor nie. Die woorde "zooals een sabbathdag" moet as *iets ekstra* beskou word waarby die "kerk" 'n besonderheid aan die dag moes gee wat nie normaalweg by elke Sondagviering ingesluit is nie (vgl.Engelbrecht,1988:34). Daarvolgens is die Gelofte primêr 'n *agenda* wat op die 16de Desember sy hoogtepunt moet bereik wanneer die erediens as die hoofnommer op die program aangebied word.

## 2.2. Die binding van 'n gelofte:

As een aan God belowe het, is hy verplig om sy gelofte te vervul (Deut.23:22). Die Skrif is hieroor baie duidelik. Die verpligting van 'n gelofte moet betaal word (Ps.65:2). As een sy gelofte nie betaal nie, is hy 'n dwaas (Pred.5:3). Daar gaan 'n appél van die

gelofte uit dat God iets moet doen. Die Voortrekkers was volkome onder die besef dat hierdie appèl weer die primêre eis op hulle lê om te betaal wat hulle beloof het.

Die belofte om 'n kerk te bou is in 1840 gestand gedoen (Habig,1976:11). Die gebou was nie maar net 'n sigbare monument van stene, hout en gras om aan 'n oorwinning of 'n dag "soos 'n sabbat" te herinner nie. Die geboutjie sou funksioneel die bymekaarkomplek vir hierdie gelowiges as gemeente van God wees waar hulle gereeld hulle God in die erediens kan ontmoet. Daar sou God met die evangelie tot hulle praat en met sakramente hulle geloof in die Drie-Enige God versterk. Daar kon kategese die kinders in hierdie geloof bou, sodat hulle die grond en sin van die Gelofte van 1838, maar nog meer die betekenis van die oorwinning gelowig kon verstaan en aan God die eer met hulle lewe daarvoor gee. Die eenvoudige geboutjie van die Gelofte wys dus baie meer na die lewende gebou wat God in 1 Pet.2:1-10 beloof.

Hiermee kon die verdere gelofte-eis nl. om altyd die belofte te onthou, en aan die kinders tot eer van God te vertel ook ware gehoorsaamheid word. Die kerkgebou het die gelofte-eis van 1838 nagekom juis om God se voortdurende verbondseis, nl. om Hom te glo en aan Hom gehoorsaam te wees, blywend na te kom.

Dit is my (PJV) oordeel dat die gelofte van 1838 binne God se omvattende genadeverbond met sy belofte van hulp wat op die oorwinning by Bloedrivier kon uitloop en eis dat wie bly lewe Hom

moet liefhê, dien en eer, gedoen is. Daarom sou die nakom van hierdie laaste verpligting vanself oorgaan op hulle kinders, soos die Gelofte dit verwoord.

Mense is geneig om vanuit gewone *kontrakreg* die binding van die Gelofte te bevraagteken. Nêrens in die Skrif is daar sprake van 'n gelofte wat ook die nageslagte bind nie. Selfs die doopbelofte bind nie, omdat ouers dit beloof nie, maar omdat God beloftes gee en geloof in Hom eis. Daarby geld: "Een wat hom bind aan 'n gelofte wat voortduur, sal gou met groot moeite en teësin betaal word, op die lange duur afgemat, en selfs waag om die gelofte te skend" (Calvyn,Institusie,iv,294:6). Bewyse ontbreek dat die Voortrekkers met die Gelofte hulle nageslag aan die viering van 'n dag "soos 'n sabbat", wou bind. Soos aangetoon wou hulle die nageslag aan die God van die verbond bind. Weereens 'n verbondspleidooi waarin die geloftebinding inbegrepe lê.

# GELOFTEDAG AS BESONDERE KERKLIKE FEESDAG

## 1. Inleiding:

Die eis om geloftedag kerklik te vier veronderstel liturgiese rekenskap.

Die hoofstuk sal veral sentreer rondom die *wyse* van feesviering, en die *inhoud* van geloftedagfees. Verskeie sake wat diep prinsipieel begrond moet word, sal ons in die hoofstuk slegs kan aanstip.

## 2. Wyse van feesviering.

### 2.1. Huislike viering in huisgodsdiens:

Sarel Cilliers en Erasmus Smit het begin om die Gelofte en oorwinning elke 16 Desember "soos 'n Sabbat" met hulle gesinne tydens huisgodsdiens te herdenk. Die liturgie was dié van 'n gewone Sondagse godsdiensoefening waar die huisvader voorgaan.

### 2.2. Die Gereformeerdes se viering in 1864:

Op 22 Desember 1864 betuig die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rustenburg, hulle waardering dat die owerheid godsdienstige feesdae ingestel het wat aan hierdie heilsfeite herinner. Tog vra hulle dat die dae soos Goeie Vrydag en Kersfees nie openbare vakansiedae met wees nie, omdat dit tot "lediggang en uitspattende vermakelijkheden" gaan lei (Spoelstra,1979:6,7). Die heilsfeite kon volgens hulle kerklik die vorige Sondag tydens die erediens gevier word. Hierdie versoek stem ooreen met die Sinode van Dordrecht (1618/19) se

waarskuwing dat alleen die Rusdag op 'n Goddelike instelling kan berus (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 38, 4de gebod). Volgens die standpunt kon nie 'n Sabbatsklousule aan die Gelofte verbind word nie.

Liturgies beteken dit dat die Gelofte van 1838 nie op 'n 53ste spesiale Sabbat nie, maar op die naaste Sondag voor 16 Desember, kan aan die gebeure tydens die gewone erediens gedink word. Volgens hierdie standpunt vind die herdenking dan tydens die gewone erediens binne die gewone liturgie (gebede of preek) plaas.

## 2.3. Die viering op staatsfeeste na 1883:

In 'n sekere sin sluit dit aan by die wyse waarop die Gelofte in 1838 tot stand gekom het. In 1838 is die Gelofte in die gebede tydens die laergodsdiens van die kommando op Sondag 9 Desember begin. Die liturgie by 'n huisgodsdiens of by so 'n laergodsdiens was godsdienstig bepaald, maar nie kerklik voorgeskryf of beheer nie. Die vieringe het vanaf 1883 die godsdienstige volksfeeskarakter van die staatsfeeste begin dra. In 1884 is 16 Desember tot openbare vakansiedag sonder "Sondagwette" verklaar. Die Unie-regering het vanaf 1910 ook Dingaansdag vir die Unie van Suid-Afrika as openbare vakansiedag voorgeskryf (Spoelstra,1982:25,26).

- Die Afrikaners het die Dingaansfees oor 'n paar dae as 'n kultuurfees gevier met geweersalvo's, skyngevegte, boeresport, kunswedstryde, historiese vertellings en toeprake. Op 16 Desember het die godsdienstige verrigtinge die viering oorheers (Spoelstra,1982:25).

Die "godsdiensoefeninge" het gewoonlik 'n eie variasie op gewone erediens-liturgie verteenwoordig, byvoorbeeld: lofpsalm, skriflesing, gebed, oordenking, gebed en slotpsalm. Hierdie liturgie kon deur enige erkende voorganger, ook deur 'n predikant wat op 'n staatsfees 'n godsdiensoefening hou, gevolg word. By so 'n fees behoort die seëngroet, die slotseën, die kollekte vir kerklike diakensorg en sakramentbediening nie plaas te vind nie. Dit is nie 'n kerklike byeenkoms nie, maar 'n godsdiensoefening op volks- of staatsterrein. Volgens getuienis wat ek kon inwin, het talle van die ou Dingaansdagvierings voor 1952 ook hierdie vorm van "laergodsdiens" en 'n godsdiensoefening waar die Gelofte na 1925 gelees is, geken.

## 2.4. "Soos 'n Sabbat"

Ons moet weer herhaal: Hierdie woorde wat Gerdener in 1925 van Sarel Cilliers se sterfbedherinnering oorneem, was volgens die tydgenootlike bewyse *nie deel van die Gelofte nie.* Tog bepaal dit vandag die viering van geloftedae. Ons stel dus hierdie gegewe situasie.

Viering van geloftedag as verkerklikte feesdag het na 1953 begin ontwikkel (Spoelstra,1979:6,7). Sommige het die karakter van 'n algemene dankdag benadruk en nie soseer dié van 'n kerklike Sondagviering nie (vgl. Snyman,1968/69:4). Die Sondagklousule het egter die inhoud van die vierings verander. Daarvolgens moet die dag (16 Desember) heilig gehou word in ooreenstemming met God se gebod om die Sabbatdag heilig te hou (Engelbrect,1988:34,35). "Dankbaarheid en verootmoediging voor God moet die inhoud van die geloftedagfeesvierings wees" (Engelbrecht,1988:36).

3. <u>Besware teen kerklike viering:</u>

Uit die studie in die vorige hoofstukke was dit duidelik dat:

(1) Daar geen vierings van Geloftedag as sodanig op georganiseerde wyse van 1839 tot 1883 iewers voorgekom het nie;

(2) Dat van 1883 tot 1952 Afrikaners geloftedae feitlik uitsluitlik op volksterrein gevier het, al het dit gepaste godsdienstige verrigtinge ingesluit;

(3) Vanaf 1952 het Wetgewing veroorsaak dat 16 Desember, wanneer dit nie op 'n Sondag val nie, die karakter van 'n Sondag verkry. Die Wetgewing doen dus op grond van 'n verkeerde sabbatsklousule in die Gerdener-weergawe van 1925, vandag 'n religieuse appèl dat gelowige Afrikaners 16 Desember soos 'n Sondag, d.w.s. kerklik met eredienste moet onderhou.

Daarteen word besware ingebring:

3.1. Beswaar om een dag in die verlede uit te sonder:

Die Here het die gereelde Rusdag ingestel en verder dat die gelowiges gedurig en elke dag in verbondenheid aan Hom lewe. Ons het reeds verwys na die Gereformeerde kerk Rustenburg, wat in 1864 besware teen viering van dae gehad het. Die plig om een spesiale dag (16 Desember) met die "Sabbats"gelofte uit te lig, bring die roeping om elke dag, soos met die Gelofte in 1838, kragtens die Godsbeloftes van 'n nuwe lewe vooruit te gaan, in die gedrang. In die viering vanaf 1952 het die verkerklikte feesdag die Gelofte opsigself sentraal gestel. Die Gelofte het moontlik vir talle mense 'n tipe van sakramentele betekenis begin verkry.

Die woorde om 'n dag van oorwinning *"soos 'n Sabbat"* te gedenk steun nie op die Gelofte van 1838 nie. Hoewel enige owerheid seker die reg het om 'n dag van religieuse betekenis uit te sonder en 'n volk dit gepas kan vier, kan die verpligting nie deur Wetgewing op die kerke gelê word nie. Die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika het self nog nie kerklik oor die saak besin nie. Hoewel dit 'n vraag is of selfs 'n sinode die kerke hierin kan voorskryf (vgl. art.30 Kerkorde *in* Spoelstra,1989:177-186), bestaan daar geen besinning binne die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika nie. Die kerklike viering dra dus gedagtes wat uit volkskerk- en staatskerkopvattings, wat in die Hervormde en N.G. Kerke posgevat het, oor op die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

3.2. Besware van teologiese aard:

Ons het reeds verwys na lastige vrae wat die Bevrydingsteologie teen die viering van Geloftedag opwerp. Daarbenewens is daar lastige vrae oor die vraag of 'n oorwinning altyd as God se wil vertolk kan word. Wat dan van die nederlaag wat die Boererepublieke in 1902 teen England gely het? Mag ons godsdiens met nasionalisme meng? So kan op "die grofte liberale wyse verbondsgeskiedenis en volksgeskiedenis gelykgestel word" (Schulze,1985:17)

3.3. Besware van moreel-etiese aard:

Daar is vrae soos: Is dit reg om 'n slag, 'n dag van oorwinning in 'n erediens en nog meer, selfs met 'n 53ste Sondag per jaar kerklik te gedenk? Hiermee gaan die vrae gepaard: Wie is en was deur die Gelofte gebonde? Wat het die Gelofte presies vereis? Gaan die Wetgewing van 1952 nie verder as die Gelofte nie? Wie is vandag in Suid-Afrika deur die Gelofte verbind en waartoe is hulle verbind? Het die binding in 1838 of vandag enige kerklike viering verplig?

3.4. Skriftuurlik-liturgiese besware teen verkerkliking van 'n geloftefees:

"Liturgie is die godsdiens wat op waarneembare wyse en onder bepaalde vorme uitgeoefen word" (Koole,1946:13). Vandaar die benaming "godsdiensoefening" wat dui op 'n hartsgerigte godsdiens waarin 'n persoonlike ontmoeting met God op so 'n wyse uitgeoefen word dat dit vir almal kenbaar is. Daar kan dus hoegenaamd geen beswaar voorkom dat die Owerheid, 'n Kultuurvereninging, of 'n politieke beweging onder Christene besluit om 'n bepaalde historiese

gebeurtenis soos die Gelofte of die oorwinning van 16 Desember 1838 op 'n liturgiese wyse op volksterrein te gedenk nie. Daar bestaan egter besware wanneer 'n erediens daarvoor voorgeskryf word.

Onder 'n erediens verstaan ons "'n samekoms van die gelowiges om saam die Verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy Hom met genade in hulle midde stel en hulle ontmoet" (Van der Walt,1982:7) Hierdie ontmoeting is 'n samekoms van die gemeente (volk van God) onder leiding van die ampte (Spoelstra,1989:354,378). Hieruit spruit dat 'n volk wat in 'n erediens onder leiding van die ampte hulle Here ontmoet, nie met 'n nasionale volk geïdentifiseer kan word nie. Gevolglik kan gebeure en selfs verpligtinge van die nasionale volk nie aan die gemeente as geloofsgemeenskap (Koole,1946:14) opgelê word nie (vgl.Bakker,1959:469-470).

'n Godsdienstige byeenkoms soos op 'n geloftefees is 'n samekoms met mekaar. Godsdiens in dié volksituasie is die verbreding van die huisgesin, waarvan huisgodsdiens moet uitgaan, en is nie primêr 'n verdieping van die persoonlike kontak met God soos in 'n erediens nie. "Die samekoms by 'n gesamentlike fees is nie 'n erediens nie. 'n Erediens kan alleen plaasvind waar 'n bepaalde kerkraad toesig hou en dus aanwesig is in die uitvoering van hulle amp" (Van der Walt,1963:7).

Die verkerkliking van geloftefeeste veronderstel dat die "kerk" (as organisasie) leiding moet gee aan sy lidmate. Die roeping wat die Gelofte aan die gelowige opdra, het nou 'n kerklike saak geword, wat institusioneel die "kerk" se stem moet laat hoor. Die geroepe,

mondige Christen kàn self nie meer antwoord oor wat die Gelofte vir hom/haar vra in die lig van God se Woord nie, maar die "kerk" moet voorsê of voorskryf (vgl.Spoelstra,1989:182).

4. Gevolgtrekkings:

* 'n Menslike instelling kan nie op dieselfde vlak as die bepalinge van God ten opsigte van die Sondag gestel word nie.

* 'n Godsdienstige byeenkoms op geloftedag is nie 'n erediens nie.

* Die godsdienstige feesdag in sy verkerklikte vorm opper besliste besware.

# HOOFSTUK 7

# KONKLUSIE

## 1. Inleiding:

Vanuit die studie is daar in elke hoofstuk verskillende resultate wat ons moet saamvat. Hieruit vloei die doelstelling van hierdie hoofstuk voort.

## 2.1. Tipe Gelofte van 1838:

Die Gelofte was vir die Voortrekkers 'n uiting van daaglikse godsdienssin toe hulle voor 'n oomblik van beslissing te staan gekom het. Alhoewel niemand die Gelofte presies meer kan verwoord nie is die bepalings van die Gelofte wel duidelik. Hulle sou 'n kerkgebou vir durende verering en aanbidding in Pietermaritzburg oprig en aan hulle kinders bly vertel wat die Here in hulle geskiedenis gedoen het.

## 2.2. Verskuiwing van Gelofte na geloftedag:

Die Gelofte van 1838 het 'n nuwe tydperk bereik toe in 1883 begin is om op die 16 de Desember met Dingaansfeeste die oorwinning by Bloedrivier en die geslaagde Eerste Vryheidsoorlog feestelik te herdenk. Die aandrang op geloftedag het ontwikkel totdat die Gelofteformule van Gerdener in 1925 die gelofteviering wou vasstel as 'n gelofte wat jaarliks vernuut moet word. Die dag is nou nie

meer bloot 'n openbare vakansiedag nie, maar moet as 'n Sabbat onderhou word. Sabbatswette is op Geloftedag van toepassing gemaak waardeur die viering verkerklik is.

## 2.3. Sluiting van die Verbond:

Met die verskuiwing na geloftedag is die verskynsel om kerk en volk te identifiseer wyd aanvaar. Die Gelofte is teologies vertolk as 'n verbond wat die Afrikanervolk met God gesluit het. God het Hom daardeur in besonder aan die Afrikaner geopenbaar. Die "Afrikaanse kerke" het struktureel die sienings geakkomodeer met 'n staats- en volksteologie, waardeur die Hervormde Kerk die binding op grond van volkskap uitspel en die N.G. Kerk die binding institusioneel aan die "kerk" verbind. Die Bevrydingsteologie slaan munt uit die eng nasionale visie om die swart bevrydingsbeweging te regverdig.

## 2.4. Die Gelofte is 'n lewende gebou:

Die Gelofte van 1838 is vanuit die Skrif volkome gefundeer. Daar is talle voorbeelde in die Skrif waar geloftes gedoen is waarby die Voortrekkers kon aansluit. Die indikatief van die verbond het hulle gedring tot die ernstige imperatief om 'n kerkgebou op te rig en om God se werk gedurig aan hulle kinders te vertel. Die binding van die Gelofte moet nie vanuit die gewone kontrakreg baseer word nie. Die Gelofte is funksioneel 'n belydenis op die lewende gebou wat God beloof.

## 2.5. Verkerkliking van geloftedae in 'n erediens:

Geloftedag wat 'n volksaangeleentheid was is na 1952 verkerklik. Die godsdienstige byeenkoms wat nie 'n erediens (samekoms van die gemeente onder leiding van die ampte) is nie, is deur Wetgewing aan die "kerk" opgedra" om "soos 'n Sondag" as 'n erediens te vier. Daar ontstaan besliste Skriftuurlik, teologiese, moreel-etiese en liturgiese besware as 'n gelowige volk met die oog op geloftefees saamkom en Wetgewing dit later as 'n gemeente van God voorstel wat met die oog op 'n erediens kerklik moet saamkom om die dag soos 'n Sondag te vier.

## 3. Oorhoofs gesien:

Die Gelofte van 1838 het beloof om 'n kerkgebou vir durende verering en aanbidding in Pietermaritzburg op te rig en om aan hulle kinders gedurig te vertel wat die Here in hulle geskiedenis gedoen het. Die Gelofte was volkome gewortel in die Skrif.

Die invloed van nasionalisme, die volksteologie, 'n skewe kerk-en-volk relasie en so meer het op die latere Geloftedae neerslag gevind.

Die Gelofte van 1838 is deur die Sabbatwetgewing om 'n verkerklikte viering voor te skryf, ontroof.

4. Slot:

Ons bely op grond van die Skrif in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 2) dat God Hom nie net in die Bybel nie, maar ook in die natuur en die mensegeskiedenis bekend maak, omdat Hy regeer.

Hierdie geloof lê in die oorspronklike gelofte van 1838 duidelik verwoord. Indien die Voortrekkers Dingaan se mag sou oorwin, kom die eer die Here toe. Gereelde diens en eer aan die Here het in die Gelofte voorop gestaan.

Die gewone lewe in 'n verbond van en met God kom neer op die roeping om 'n Christelike volk te wees en met sy leiers hulle afhanklikheid te bely en die werk van die Here te erken. 'n Roeping wat alleen in "'n weet deur die geloof" kan spreek om op alle lewensterreine te sê: "Ek bely die Woord van God".

In die erediens en 'n Christelike opvoeding moet die geslag van môre nog steeds poog om só waarlik Godsvolk te bly.
*Semper reformanda quia reformatia.*

## BIBLIOGRAFIE


ALBERTS, L. 1988. 'Volg eerder God se betroubare gelofte'. *Die Kerkbode:* 5, Maart.16.

ANON. 1947. Die dag van gelofte. *Die Kerkbode:* 1126, Des.10.

ANON. 1988. Geloftedag was en is nie 'n vergissing nie. Hervormer Kommentaar. *Die Hervormer:* 3, Maart.

BAKKER, J.T. 1959. Liturgie. (*In* Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P. *reds.* Christelijke Encyclopedie dl.4. Kampen:J.H. Kok).

BARNARD, A.C. 1988. Eredienste met geloftefees. *Die Kerkbode:* 13, Jun.1.

BEKKER, J. 1976. Bepalinge om Bloedrivier. *Die Kerkblad:* 1,Des.8.

BOSMAN, J.P. 1988. Gelofte. *Insig:* 7, April.

BOTES, H.J. 1988. Geloftedag se betekenis deur die jare heen. (*In* Pont, A.D., *red.* Die Gelofte van 1838. Pretoria: Kital. p.83 - 95).

BOTHA, S.J. 1988. Die Gelofte van 1838 soos dit in 1880 by Paardekraal met 'n belofte bevestig is. (*In* Pont, A.D., *red.* Die Gelofte van 1838. Pretoria: Kital. p.63 - 82).

CALVYN, J. Institusie. Boek iv. Uit het Latijn vertaald door A.Sizoo. Delft: W.D. Meinema, 640p.

CARTLEDGE, T.W. 1989. Were Nazirite vows unconditional? *The Catholic Biblical Quarterly:* (51) 409-422.

DE JAGER, H.J. 1972. Die gelofte van 'n volk. *Die Bondgenoot:* 6, Des.

ENGELBRECHT, B.J. 1959. Geloftedag. (*In* Hervormde Kerkalmanak p. 144-153).

ENGELBRECHT, B.J. 1988. Geloftedag - 'n analise- "een dankdag, zoo als een Sabbathdag tot Zijn eer" - (*In* Pont, A.D., *red.* Die Gelofte van 1838. Pretoria: Kital. p. 27 - 37).

GEERTSEMA, P.G. 1959. Die betekenis van Bloedrivier. *Die Kerkblad:* 9, Nov.25.

GELDENHUYS, J.C. 1967. Die gelofte van 16 Desember 1838. *Die Bondgenoot:* 9, Des.

HABIG, W.G. 1976. Monumente vertel (16) Die Geloftekerk. *Die Hervormer.* 11. Des.

HARRIS, R.L., ARCHER, G.L., WALTKE, B.K., *reds.* 1980. Theological Wordbook of the Old Testament. 2 dle. Chicago: Moody Press. 1124p.

KOOLE, J.L. 1946. De zin der Liturgie. Amsterdam: S.J.P. Bakker. 102p.

LIEBENBERG, B.J. 1988. Mites rondom Bloedrivier en die gelofte. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 20: 17-32.

LOUBSER, B. 1988. Tyd vir 'n Nuwe Gelofte? *Vrye Weekblad:* 8, Des. 16.

MULLER, C.F.J. 1990. Sonop in die Suide. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 843p.

NAUDE, B. & MEYER, R. 1971. Geloftedag: Christusfees of Baälfees? 'n Ope vraag aan Suid-Afrika oor Geloftedag. *Pro Veritate:* 1 - 24. Des.

OBERHOLZER, J.P. 1988. Geloftedag - verpligting en voorreg. *Die Hervormer:* 4, Des.

OLIVIER, S.P. 1990. Fokus op Gelofte. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. 73p.

PONT, A.D. 1988. Die Gelofte van 1838 - 'n poging om die teologiese agtergrond daarvan te peil. (*In* Pont, A.D. *red.* Die Gelofte van 1838. Pretoria: Kital. p.38 - 53).

PONT, A.D. 1989. Die Groot Trek en die Kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 45 (3) : 655 - 668.

SCHENKER, A. 1989. Gelübde im alten Testament: Unbeachtete Aspekte. *Vetus Testamentum:* xxix (1) 87 - 91.

SCHULZE, L.F. 1985. Nasionalisme. (*In* Van Wyk, J.H. & Vorster, J.M., *reds.* Altyd Reformeer. Braamfontein: Boekhandel De Jong. p.9 - 21).

SNYMAN, W.J. 1968/69. Vier Geloftedag soos 'n Sondag. *Woord en Daad:* 1, Des/Jan.

SPOELSTRA, B. 1963. Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760 - 1899. Johannesburg-Kaapstad-Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.

SPOELSTRA, B. 1977. Kom ons dink weer oor geloftedag. *Die Kerkblad:* 3, Des.21.

SPOELSTRA, B. 1979. Is Geloftedag 'n Sabbat? *Woord en Daad:* 5 , Des.

SPOELSTRA, B. 1982. Kan geloftedag oorlewe? *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO:* (Instituut vir reformatoriese Studie.) 31.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. Hammanskraal: V & R Drukkery. 489p.

SPOELSTRA, B. 1990. Gelofte of Belofte? 16 Desember nie 'n dag om op verlede te fikseer. *Beeld:* Des.18.

STALS, W.A. 1971. Die Gelofte: Die instelling en viering van geloftedag. *Handhaaf:* 9, Nov.

SWART, M.J. 1971. Die eise van geloftedag. *Voorligter:* 2 , Des.

THOM, H.B. 1949. Die Geloftekerk. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk. 142p.

UYS, C.J. 1956. Waar is die Gelofte afgelê? *Die Kerkbode:* 86, Jan.18.

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 69p.

VAN DER WALT, S.P. 1963. Drie sake betreffende die erediens. (Het ons nie die reg wanneer die gelofte op 'n Sondag val om die gelofte te hernu nie?, Die diens by 'n gesamentlike fees, is dit 'n erediens of nie?) *Die Kerkblad:* 7, Aug.28.

VAN JAARSVELD, F.A. 1979. Historiese spieël van Bloedrivier. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. 46 - 89. (Die Evolusie van Apartheid en ander geskiedkundige opstelle.)

VAN JAARSVELD, F.A. 1979 (a) Die Afrikaner en sy geskiedenis. *Woord en Daad:* 9 - 10. Des.

VAN JAARSVELD, F.A. 1982. Die ontmitologisering van die Afrikaner se gekiedsbeeld. Johannesburg: Perskor. 296 - 314. (Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede.)

VAN NIEKERK, A.A. 1989. Dilemma en hoop van die gelofte. *Woord en Daad:* 14, Nov/Des.

VAN SCHOOR, M.C.E. 1955. Is geloftedag gereeld gevier? *Die Taalgenoot:* 6, Des.

VILJOEN, T.A. 1973. Die gelofte van 'n verbondsvolk. *Die Bondgenoot:* 8, Des.